# DROOGTE

Die Profetiese Woord moet in lae gelees en toegepas word. Eers was dit vir fisiese Israel, nou is dit vir geestelike Israel. So is ons weer tussen Malèagi en Mattheus, net soos 2000 jaar gelede toe Johannes 'n wegbereider vir JaHUsha was. Hy was die Elia of die EliJaHU wat sou kom (*Luk. 1:13, 17, Matt. 17:11 – 13*) en dis 'n vervulling van Mal. 4:4 - 5.

Mense wil altyd graag geestelik groei en "groei" dan nie altyd na die regte kant toe nie. Baie gelowiges het die Torah herontdek en is in die proses na 'n rigting gelei wat die teenoorgestelde is van die waarheid. Waar die waarheid nie is nie, is daar droogte al lyk dit soos nagemaakte reën.

Die gees van profesie is dat daar aangaande **JaHUsha Messias** getuig word (*Open. 19:10, Hand. 1:8 -9*). (*Al die Skrifte wat hier gegee word moet asseblief opgesoek word*.)

Gelowiges is die Akker of Tuin van JaHUaH wat besproei word met die water van die Woord van Waarheid waardeur **Sy Gees** manifesteer en van **JaHUsha** as **Messias** getuig (*Ef. 5:26, Joh. 4:10, 14, 24*).

Sy Gees manifesteer in die Leer of Torah van JaHUsha Messias deurdat Hy in die regte perspektief waargeneem moet word as **die hele kern** van ons geloof (*Joh. 14:6 – 7*).

Maar ons het "vervreemd geraak van die opregtheid teenoor die Messias" (2 Kor. 11:13). Die Engels sê van die "simplicity of Messiah".

Dit het gebeur deur misleidende lering wat nie kan vergelyk word met reën of dou nie (*Deut. 32:1 – 2*).

Gelowiges as Akkers/Tuine gaan op meer as een manier ten gronde a.g.v. die gebrek aan die kennis van die Waarheid weens die gebrek aan die suiwer leer aangaande JaHUsha (*Hos. 4:6, Hos. 6:1 – 3, Jer. 2:7 – 8, Joël 2:3*).

Dit gebeur omdat die vyand altyd sy saad kom saai tussen die saad van die Waarheid van JaHUaH se Woord (*Matt. 13:24 – 25*).

Daarom is reën skaars, en dit bring droogte mee, 'n maerte in die siel. Geloof wat nie JaHUsha se oorvloedige leer as kern het nie is basies **Baäl-aanbidding**. Dit kan lyk na die egte maar onder die vergrootglas van die Woord word die leuen uitgeken deur Bereane (*Hand. 17:10 – 11*), mense wat die Skrif ondersoek vir die Waarheid en nie net volgelinge van ander word nie.


Baäl-aanbidding bring 'n **Karmeltoets** mee wat oë sal open vir die egte (*1 Kon. 18*). Droogte roep eintlik uit: "Wie is die **ware** Elohiem"?

JaHUsha se Leer/Instruksie/Torah is die Reën wat in ons tydperk gegee word deur Sy Gees omdat Hy nie meer fisies hier is soos voordat Hy Sy lewe afgelê het nie (*Hand. 1:4 – 5, Joh. 14:26*).

Let wel, Sy Torah lei ons nie **terug** na Moses nie, maar Moses het wel van **Hom** getuig, van JaHUsha as Messias, as Gesalfde, **in wie se mond** JaHUaH se woorde is (*Deut. 18:18*).

Die suiwer leer sal eers net drup, en dan meer en meer word totdat dit in ‘n milde reën sal manifesteer (*Joël 2:22 – 29*). JaHUsha is die Leraar tot Geregtigheid (die *Moreh leTzedakah*). Hy is die MelekTzadek.

Die gemeenskaplike wortel van die Hebreeuse woord wat vir reën gebruik word in Hosea 6:3 en Joël 2:23 is:

“*jarah*” = / / יָרָה

Volgens die Ancient Hebrew Lexicon van Jeff. A. Benner (1227 (H)), het “jarah” die betekenis van:

> “A throwing of the finger **to show a direction to walk or live**. The throwing of an arrow. The throwing down of water in rain”.

“**Throwing of the finger**” gaan gepaard met “**Throwing down of water in rain**”. Moses het met **sy vinger kom wys** toe hy oor die Messias, die Rots, en ‘**Sy leer wat drup’**, geskryf het in sy lied in Deut. 32:1 – 4.

> Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond.
> Laat **My leer** drup soos **die reën**, **My Woord** vloei soos **die dou**, soos **reëndruppels** op die grasspruitjies en soos **reënbuie** op die plante.
> Want die Naam van JaHUaH roep ek uit: Gee grootheid aan onse Elohiem!
> **Die Rots** – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; ‘n Elohiem van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy.

Die woord ‘Torah’ kom ook vanaf die woord ‘jarah’, net soos ‘moreh’ (*leraar*), maar ons moet juis nie teruggaan na die Torah van Moses nie, want Moses het alreeds die vinger na die Gesalfde van JaHUaH gewys as die **Leraar tot geregtigheid** (*die Moreh leTzedekah, Deut. 18:18 – 19*).

JaHUsha Messias se Torah, Sy leer, Sy Reën is die Nuwe/Hernude Testament as ons MelekTzadekskrifte. Wanneer dit dan begin drup sal dit uitloop op goeie reëns, **dubbeld** soveel as wat die eerste reëns was (*Jes. 61:7, Sag. 9:12, 2 Kon. 2:9 – 10*). Sy leer vorm nie “nuwe” teologië van enige aarde nie.

Dan sal Gelowiges weer kan manifesteer as ‘n “Tuin van Eden” (*Jes. 51:3, Jes. 58:11 – 12*).

Dit wil sê, as ons nie maak soos Adam nie. Job 31:33 sê dat Adam sy oortredinge bedek het en sy ongeregtigheid in sy boesem versteek het.

Bely dus en laat staan soos wat Spreuke 28:13 sê, dan sal Eseg. 37:1 – 14 in die **geestelike** kan manifesteer, sodat Ef. 4:10 – 16 tot volheid kan kom.

Dan sal ons weer Ons Verlosser se deugde kan verkondig (1 Pet. 2:9).

Ons is hedendaagse “EliJaHU’s” en “Johannesse” wat die weg moet berei vir JaHUsha se Wederkoms soos die laat reëns. Daardie reëns is nou weer nodig vir die saad van die Woord om te kan ontkiem, want ons het van die waarheid afgedwaal ... agter ‘n “Ander” een aan en nie 2 Joh. Vers 7 – 11 gehoorsaam nie.

> Jak. 5:17 – 20  EliJaHU *(My Elohiem is JaHU)* was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande nie gereën nie;  en hy het weer gebid, en die **hemel het reën gegee** en die **aarde het sy vrug laat uitspruit**.
> Broeders, as een onder julle **van die waarheid afgedwaal het** en iemand hom **bekeer**, laat hy weet dat die een wat ‘n sondaar van sy dwaalweg bekeer, ‘n siel **uit die dood sal red** en ‘n menigte sondes sal bedek.

As ons kan verstaan om die Nuwe Verbond van JaHUsha en spesifiek Sy Leer (wat Sy Torah is) daarin te omhels en dit verkondig, naamlik die Koninkryk van die Hemel (*en nie die restorasie van ‘n fisiese koninkyk nie*), kan ons ook soos EliJaHU by Karmel uitwys wie is die Ware Elohiem, sodat die volk kan uitroep:  JaHUaH, Hy is Elohiem!  Of ... JaHUsha, Hy is Elohiem!

JaHUsha beteken mos ... dit is: “**JaHUaH** *wat* **red**”.

EliJaHU se naam het daarop gesinspeel dat hy die Ware Elohiem aanbid het en vir die volk bewys het Wie die ware Elohiem is en watter Sy Torah is.  So is dit met ons, ons moet ook ‘n EliJaHU wees wat kan aandui wie die Ware Elohiem  is.

Die vuur van JaHUaH sal net val op die Altaar wat vir Hom, die Ware Elohiem, gebou is deur ‘n EliJaHU, geen Baäl-altaar nie.

In ons era is die ware altaar nie ‘n Moses-altaar nie, ook nie ‘n Suid-Afrikaanse groeps-gees-gedrewe “It’s time” altaar van die N.A.R. nie, maar dis ‘n altaar waarvandaan JaHUsha se eenvoudige leer as Sy Torah, drup.  Sien asseblief “Die Torah van Messias”, deel 1 en 2.

- https://melchizedekorder.home.blog/2018/12/26/die-torah-van-die-messias-deel-1/

- https://melchizedekorder.home.blog/2018/12/26/die-torah-van-die-messias-deel-2/

As religieuse mense het ons ‘n aandeel in die droogte en so het ons ook ‘n aandeel in die verligting van die knellende droogte, net soos dit was met EliJaHUa, die Baälpriesters en fisiese Israel daar by Karmel ... WANT soos in die geestelike, so sal dit wees in die fisiese realm.  Is daar droogte in die gees?

Drup JaHUsha se Leer, drup Sy Torah vanuit die Nuwe/Hernude Verbond?  Drup dit al hoe sterker, vloei dit al hoe meer soos reëndruppels in ‘n gesonde bui reën?

So sal dit wees wanneer Moses en Elia simbolies weer **saam met JaHUsha** op die Koninkryksberg is (*Matt. 17:1 – 13*).

Sien gerus:  “Physical and Spiritual Torah” ...

- https://melchizedekorder.home.blog/2018/12/21/physical-and-spiritual-torah/

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2015